Ds. C. A. F. van Stipriaan Luiscius, *Brieven aan mijn Rooms Katolieke Vrienden*, Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1955.

In Suid-Afrika is dit dikwels ongelukkig ook waar, wat Prof. *Bronkhorst* in die inleidingswoord van hierdie werkie sê, dat die Protestantisme en Rome mekaar op grond van self-opgestelde karikature beoordeel en afwys.

Gelukkig is dit nie die geval in bogenoemde sewe briewe nie. Die skrywer is goed op hoogte met sowel die teologie as die praktyk van Rome. Op baie simpatieke wyse sit hy elke keer die standpunt van Rome uiteen en wys hy op die groot ooreenkomste tussen ons en Rome. Maar op dieselfde eenvoudige en tegelyk grondige wyse, stel hy die Protestantisme se leer en lewenspraktyk. Nadat hy dan die verskille gesignaleer het, toon hy ook egter duidelik aan, waarom ons op grond van die Bybel nie met Rome kan saamgaan nie.

Die eerste brief vorm eintlik die inleiding. In die volgende briewe behandel hy o.a. die begrip en werklikheid van die „*geloof*" by Rome en

by ons; „soli Deo gloria"; „verdienstelike goeie werke?" „geloof en sakrament"; „die Kerk as liggaam van Christus", „apostoliese suksessie?" „Kerklike leergesag", „kansel, nagmaalstafel of altaar?", „nagmaal of mis?" „dominee of priester?" „bieg en biegspraktyk"; „is dit in die wese van die protestantisme geleë dat daar Kerkversplintering gekom het, of in ander faktore?" Ten slotte gee die skrywer (op die voetspoor van *Dr. H. Berkhof*) 'n kort skets van die ontwikkeling van die Kerk vanuit die N.T. tot die *Rooms-Katolieke Kerk*. Die wysiging in die genadebegrip het gelei tot die siening van die ampte nie as *dienend* nie, maar as *heilsbemiddelend*; tot die leer van verdienstelike goeie werke ens. En tog mag ons in hierdie gang geen „rechtlijnige devolutie naar het heidendom" sien nie. Veral in die laaste tyd is daar by Rome 'n nuwe belangstelling vir die Bybel en ons glo nog in die wonders wat Gods Woord kan doen.

Hierdie boekie leer ons nie net veel van Rome nie, maar dra ook inderdaad by, soos die inleidingswoord dit stel, „tot dieper inzicht in de grondgedachten van het Evangelisch Christendom."

B. J. ENGELBRECHT.

*　　*